Oorwinnende gebed

Wat is die groot bohaai oor gebed? As grootmense in gebed glo, waarom is hulle dan so bekommerd? Kan ek dan die Here vertrou om my gebede te antwoord? Hoe moet ek met die Here praat? Hoe dikwels moet ek bid om 'n goeie gebedslewe te hê? Hierdie is alles vrae wat ons gaan probeer beantwoord terwyl ons jou aanmoedig om gedurende hierdie maand te bid.

MAANDAG: Wat is gebed? Gebed is om met die Here te praat en te luister as Hy met ons praat. As jy bv. jou Bybel lees, is dit die Here se 'terugpraat' met jou om jou te help en leer. Ons praat dikwels met ons vriende en met ons familie en hulle praat met ons terug. Die Here is ons Vriend en hemelse Vader. Hy wil met ons praat. *Hemelse Vader, ek het U lief en ek wil graag meer met U praat. Herinner my om dwarsdeur die dag met U te praat, U Woord te lees en ook te luister en te hoor hoe U met my praat. In Jesus se Naam. Amen.*

DINSDAG: Waarom moet ons bid? Daar is baie redes hoekom ons moet bid: Om vir die Here dankie te sê en Hom te prys, om ons sondes te erken en vergifnis te vra, om Hom te vra om ons te help met ons probleme, om Hom te vra om ander mense te help en om net met ons Vader te praat. *Hemelse Vader, dankie vir my lewe en dat ek vir U alles kan vertel wat in my lewe gebeur. Help my om te onthou dat ek met U oor my probleme kan praat tótdat U my help, sodat ander ook kan leer dat U regtig bestaan. In Jesus se Naam. Amen.*

WOENSDAG: Hoe moet ons bid? Jy kan jou oë toemaak, jou kop buig, kniel of jou hande vou om te bid. Hierdie liggaamshouding toon respek. Maar jy kan ook bid terwyl jy skool toe loop, in die bus of taxi ry of as jy in die middel van die nag wakker word en bang is. Onthou altyd om in Jesus se Naam te bid, want Jesus het vir ons gesê om in Sy Naam te bid, omdat ons deur Sy kruis en Sy bloed toegang tot die troon van God het (**Joh. 16:23b**). *Here Jesus, leer my hoe U wil hê ek met U moet praat. Help my om te onthou dat ek op enige tyd en plek met U kan praat en dat U nooit ver is nie. In Jesus se Naam. Amen.*

DONDERDAG: Wanneer moet ek bid? Manne en vroue in die Bybel het vir ons geleer dat ons enige tyd kan bid. In 1 Tessalonisense 5:17 lees ons dat ons "gedurig moet bid." Daar is nooit 'n slegte tyd om te bid nie. *Hemelse Vader, dankie dat U altyd wakker is en na my gebede luister, dat U nooit moeg word nie en altyd beskikbaar is om my dag en nag te help. Herinner my om gedurig te bid. In Jesus se Naam. Amen.*

VRYDAG: Waar moet ek bid? Jy kan enige plek bid. Die Bybel sê dat die Here orals is. Jy kan in enige situasie of plek wees of enige probleem hê en wanneer jy bid sal Hy hoor en jou gebede beantwoord soos Hy die beste weet. *Dankie Hemelse Vader, dat U met my is selfs as ek bang is of wanneer 'n slegte ding met my gebeur. Dankie dat ek altyd, dag en nag, tot U kan roep. Ek plaas my vertroue in U alleen. In Jesus se Naam. Amen.*